# TERMES & VOORWAARDES VAN WEBWERF

**HIERDIE TERMES EN VOORWAARDES IS BINDEND EN AFDWINGBAAR TEEN ELKE PERSOON WAT DIE LANDBOU.COM WEBRUIMTE BESOEK IN TERME VAN KLOUSULE 11(3) VAN DIE WET OP ELEKTRONIESE HANDEL EN KOMMUNIKASIE 25 VAN 2002. KLIEK HIER OM DIE WET AF TE LAAI.**

GEBRUIK / EIENDOMSREG / BEKENDMAKING VAN INLIGTING / VERANDERINGE & WYSIGINGS / PRIVAATHEID / VERSENDING VAN INLIGTING / RAAMKOPPELING / OOREENKOMS / SOEKTEGNOLOGIE / SNELSKAKELS MET DERDE PARTYE / SEKURITEIT / VRYWARING / AANSPREEKLIKHEID / SKEIBAARHEID / GELDENDE REG

a. “**Landbou.com**” beteken die webruimte van Landbou.com of die regsentiteit Landbou.com, ‘n divisie van die Media24;

b. “**die gebruiker**” beteken enige persoon wat die Landbou.com webruimte besoek;

c. “**jy / jou**” beteken die gebruiker; en

d. Verwysings na die enkelvoud sluit verwysings na die meervoud in en verwysings na die manlike sluit die vroulike in.

## GEBRUIK VAN WEBRUIMTE

1. Persone wat die LANDBOU.COM webwerf vir welke rede ookal gebruik, aanvaar en onderwerp hulleself aan die bepalings en voorwaardes asook die privaatheidbeleid van LANDBOU.COM wanneer hulle die webwerf betree soos hieronder uiteengesit.

2. Hierdie webwerf is slegs bedoel om die gebruiker van inligting oor LANDBOU.COM, sy produkte en dienste te voorsien.

3. LANDBOU.COM behou uitdruklik die reg voor om in sy algehele diskresie, enige kriteria of inligting in hierdie webwerf uiteengesit, sonder kennisgewing te verander of te wysig.

4. Niks op hierdie webwerf kan vertolk word as 'n aanbod van LANDBOU.COM aan jou, die gebruiker nie, maar slegs as 'n uitnodiging om besigheid te doen.

5. Sonder om afbreuk aan bogenoemde te doen, magtig Media24 hiermee die gebruiker om die inhoud van hierdie webtuiste, of enige gedeelte daarvan, te besigtig, te kopieer, af te laai op 'n plaaslike aandrywer, te druk en te versprei, met dien verstande dat:

   5.1. sodanige inhoud slegs vir inligtings- en/of nie-kommersiële doeleindes gebruik word; en

   5.2. enige reproduksie van die inhoud van hierdie webtuiste, of gedeelte daarvan, die volgende kopieregkennisgewing moet insluit:© MEDIA24 2002. ALLE REGTE VOORBEHOU.

6. Gebruikers wat die inhoud van hierdie webtuiste vir kommersiële doeleindes wil gebruik, mag dit slegs doen indien skriftelike kennisgewing vooraf verleen word.

## EIENAARSKAP EN KOPIEREG

7. Al die inhoud, handelsmerke en data op hierdie webwerf, insluitend maar nie beperk tot, sagteware, databassise, teks, grafika, ikone, hiperskakels, private inligting en ontwerpe, is die eiendom van of gelisensieer aan LANDBOU.COM en word sodanig deur plaaslike en internasionale wetgewing en verdrae teen skending beskerm.

8. Alle regte wat nie uitdruklik toegestaan word nie, word voorbehou. Die kopiereg in alle inhoud, inligting, materiaal en logo’s wat by LANDBOU.COM gevestig is, sal by LANDBOU.COM gevestig bly en geen reg, titel of belang in enige eiendom of inligting wat in hierdie webwerf vervat word, word aan jou toegestaan nie.

9. Sonder inkorting van die voorgaande, magtig LANDBOU.COM jou om die inhoud van hierdie webwerf, of enige gedeelte daarvan te besigtig, kopieër, af te laai op 'n plaaslike drywer, uit te druk en die inhoud van hierdie webwerf of 'n gedeelte daarvan te versprei, op voorwaarde dat:

    9.1. sodanige inhoud slegs vir inligtingsdoeleindes gebruik word;

    9.2. alle morele regte van LANDBOU.COM en sy werknemers of agente voorbehou word;

    9.3. sodanige inhoud vir nie-kommersiële doeleindes gebruik word. Sonder inkorting van die voorgaande word jy uitdruklik verbied om enige materiaal vanaf hierdie webwerf in enige ander werk, publikasie of webwerf wat aan jou of enige derde party behoort, te inkorporeer;

    9.4. enige reproduksie van die inhoud van hierdie webwerf, of 'n gedeelte daarvan, moet die kopieregkennisgewing in sy geheel insluit;

    9.5. dokumente wat bo vermeld word, sluit die ontwerp en uitleg van hierdie webwerf in. Elemente van hierdie webwerf word deur die wet beskerm en mag nie volledig of gedeeltelik gekopieër of nageboots word nie. Geen logo, grafika, klank of beeld van hierdie webwerf mag gekopieër of herversend word sonder die uitdruklike toestemming van LANDBOU.COM nie.

## BEKENDMAKING VEREIS DEUR KLOUSULE 43 VAN DIE WET OP ELEKTRONIESE HANDEL EN KOMMUNIKASIE

10. Die Wet vereis bekendmaking van die onderstaande inligting:

| | |
|---|---|
| **VOLLE NAAM VAN EIENAAR VAN WEBRUIMTE** | Landbou.com, ‘n divisie van Media24 Beperk |
| **REGISTRASIENOMMER** | 1950/038385/06 |
| **STRAAT ADRES** | Naspers –gebou, Heerengracht 40, Kaapstad, SA |
| **POSADRES** | Landbouweekblad, Posbus 1802, Kaapstad, 8000, SA |
| **ADRES VIR AFLEWERING VAN REGSTUKKE** | Naspers –gebou, Heerengracht 40, Kaapstad, SA |
| **HOOF BESIGHIEID** | Landbou.com publiseer ‘n keur van artikels en berigte wat in die tydskrif verskyn het, maar dit het ‘n eie aanlyn-gemeenskap geskep wat sélf baie inligting genereer. Dié inligting word op die webwerf gepubliseer en daarvan word vir die tydskrif aanvaar. Verskeie dienste wat waarde tot bestaande werksaamhede van Landbouweekblad voeg, word uitgevoer, soos die aanlyn-werwing van intekenare en geklassifiseerde advertensies. Voorts word gepoog om inkomste te werf deur internet-advertensies te werf, met die oog op uitsonderlike en ‘n deurlopende diens vir kliënte. |
| **WEB ADRES** | www.landbou.com |
| **KONTAKBESONDERHEDE** | Jan Bezuidenhout<br>e-pos: webred@landbou.com<br>Tel.nr. (021) 406-2414<br>Selnr. 083 462 9148 |
| **PLAASLIKE KONTAKBESONDERHEDE** | Kliek hier |
| **E-POS ADRES** | lbw@landbou.com |
| **BESTUUR** | Webredakteur: Jan Bezuidenhout |

| | |
|---|---|
| | Volle bestuur: kliek hier<br>Media24 bestuur: kliek hier |
| **E-HANDELSDIENSTE** | Landbou.com bied die volgende e-handelsdienste:<br>• Soekfunksie<br>• Nuusbrief (kliek hier)<br>• Intekening op tydskrif (kliek hier)<br>• Geklassifiseerde advertensies (kliek hier)<br>• Verslae van grondverkope<br>• Bemarkingsgoedere soos klerasie met logos<br>• Landbouweekblad fotos |
| **E-HANDELSTERME** | Die tersaaklike e-handelsterme is beskikbaar op die webruimtes van ander Media24 divisies soos foto24 en smalls24 |
| **GESKILBESLEGTIGING** | Alle geskille en dispute aangaande hierdie terme en voorwaardes of die gebruik van die Landbou.com webruimte sal verwys word vir beslegtiging deur arbitrasie in terme van die reels van die Arbitrasie Federasie van SA. Arbitrasie sal Kaapstad geskeid in Afrikaans of Engels. Kliek hier. |
| **KLAGTES** | Klagtes insake Landbou.com kan gerig word aan die redakteur. |
| **AFKOEL BEPALINGS** | Die afkoelbepalings van klousule 42 van die Wet op Elektroniese Handel en Kommunikasie geld ten opsigte van e-handelskontrakte tussen die gebruiker en Landbou.com. |

## VERANDERINGE EN WYSIGINGS

11. Hierdie webwerf mag dalk tegniese of ander onakkuraathede of tipografiese foute bevat. Veranderinge en wysigings word van tyd tot tyd aangebring in die inligting hierin en hierdie veranderinge sal in enige nuwe uitgawes van hierdie webwerf geïnkorporeer word. LANDBOU.COM behou die reg voor om enige tyd verbeteringe en/of veranderinge op hierdie webwerf aan te bring.

12. LANDBOU.COM behou die reg voor om sonder kennisgewing die pryse en koerse wat op hierdie webwerf gekwoteer word, te wysig.

## PRIVAATHEIDBELEID

13. LANDBOU.COM respekteer jou privaatheid en is verbind tot beskermingsbeginsels tov privaatheid. LANDBOU.COM se inligtinginsameling- en –verspreidingspraktyke word in hierdie privaatheid-beleidsverklaring uiteengesit.

14. Terwyl jy hierdie webwerf gebruik, kan inligting oor jou deur ons ingesamel word, of deur jou verskaf word. Sodanige inligting word die eiendom van LANDBOU.COM. Ons het die reg om jou inligting te gebruik om anonieme statistiek op te stel, wat ons eiendom bly.

15. LANDBOU.COM mag hierdie persoonlike inligting gebruik om jou van tyd tot tyd in te lig oor ons produkte, dienste of gebeure. Jy kan enige tyd per e-pos versoek dat LANDBOU.COM ophou om sodanige inligting aan jou te stuur, of versoek dat jou persoonlike inligting van ons databasis of poslys verwyder word.

16. Jy kan ook versoek om toegang te verkry tot enige persoonlike inligting rakende jou wat in LANDBOU.COM se besit is. In Wet 2 van 2000 op die Bevordering van Toegang tot Inligting ("PROATIA") word uiteengesit en voorgeskryf hoe sodanige versoek gerig moet word en in watter omstandighede toegang geweier kan word.

17. Jy kan jou persoonlike inligting bywerk of korrigeer per e-pos [verskaf asb jou korrekte e-posadres hiervoor]. Jy kan ook jou persoonlike inligting wat in ons besit is besigtig en laat korrigeer indien nodig deur 'n skriftelike versoek te rig aan LANDBOU.COM .

18. LANDBOU.COM sal geen persoonlike inligting aan enigiemand, behalwe soos voorsien in die beleid, bekend maak nie. Dit mag dalk nodig wees om persoonlike inligting aan werknemers of agente van LANDBOU.COM bekend te maak, wat sodanige inligting nodig het om hul werk te doen.

19. LANDBOU.COM neem nie verantwoordelikheid nie, gee nie waarborge nie en maak geen voorstellings ten opsigte van die privaatheidbeleide of praktyke van gekoppelde of enige derdeparty-webwerwe nie.

20. LANDBOU.COM behou die reg voor om enige tyd die bepalings en voorwaardes van hierdie privaatheidbeleid te wysig. Dis jou verantwoordelikheid om elke keer as jy die LANDBOU.COM webwerf betree, enige sodanige veranderinge deur te kyk. Jou volgehoue gebruik van die webwerf nadat veranderinge aanlyn versend is, bevestig jou aanvaarding van hierdie beleid soos gewysig deur sodanige veranderinge.

21. Indien jy enige navrae of kwelvrae het oor hierdie beleid of die manier waarop ons jou persoonlike inligting hanteer, kontak ons asseblief per e-pos.

**VERSENDING VAN INLIGTING**

22. Die gebruiker erken dat inligting wat via die Internet versend word, insluitende e-pos sonder beperking, blootgestel is aan monitering en onderskepping. Die gebruiker word dus afgeraai om enige inligting wat vertroulik, privaat of sensitief is na LANDBOU.COM te versend. Die gebruiker sal volkome verantwoordelik wees vir die versending van sodanige inligting op hierdie wyse en LANDBOU.COM sal onder geen omstandighede aanspreeklik wees vir verlies, nadeel of skade wat die gebruiker as gevolg van daarvan mag ly nie. LANDBOU.COM behou die reg voor om onafhanklike verifikasie van enige inligting wat via e-pos versend word te versoek en die gebruiker stem in tot sodanige verifikasie sou LANDBOU.COM dit nodig ag.

**RAAMKOPIëRING**

23. Enige persoon, besigheid, entiteit of webwerf word uitdruklik verbied om enige bladraam van hierdie webwerf, insluitende die tuisblad, op enige manier te kopieër sonder vooraf skriftelike goedgeuring van LANDBOU.COM .

**OOREENKOMSTE INGEVOLGE KLOUSULE 21 VAN DIE WET OP ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE EN TRANSAKSIES**

24. Geen inligting of data op hierdie webwerf is 'n aanbod nie, maar bloot 'n uitnodiging om besigheid te doen.

25. Geen ooreenkomste sal aangegaan word deur bloot 'n databoodskap aan hierdie webwerf of sy eienaars te stuur nie. Geldige ooreenkomste vereis erkenning van ontvangs deur hierdie webwerf.

**SOEKTEGNOLOGIE**

26. Die gebruik van nie-kwaadwillige soektegnologie soos “webruspers” of “webspinnekoppe” om inligting op hierdie webwerf te soek en verkry word nie toegelaat as sodanige tegnologie lei tot vertraging van die webwerf se bediener en/of tot kopieregskending van enige data en inligting wat op hierdie webwerf beskikbaar is nie. Data en inligting mag slegs ingevolge klousules 5 en 7 hiervan gebruik word.

**SNELSKAKEL MET DERDEPARTYWERWE**

27. LANDBOU.COM kan snelskakels aan die gebruiker verskaf as 'n gerief en die insluiting van enige snelskakel impliseer geensins dat LANDBOU.COM sodanige werwe onderskryf nie.

28. Gekoppelde webwerwe of blaaie is nie onderhewig aan die beheer van LANDBOU.COM nie. LANDBOU.COM kan geensins direk of indirek verantwoordelik of aanspreeklik gehou word vir die inhoud, gebruik of onvermoë tot gebruik, of toegang tot enige gekoppelde webwerwe of enige snelskakels wat in 'n gekoppelde webwerf voorkom nie.

**SEKURITEIT**

29. Enige persoon, besigheid of entiteit word uitdruklik verbied om ongemagtigde toegang te kry of probeer kry tot enige blad op hierdie webwerf, of om enige ongemagtigde, skadelike of kwaadwillige kode op hierdie webwerf af te laai of te probeer aflaai. Enige persoon wat enige ongemagtigde, skadelike of kwaadwillige kode op hierdie webwerf aflaai of probeer aflaai, of probeer om ongemagtigde toegang tot enige blad op hierdie webwerf te kry, sal krimineel aanspreeklik gehou word en indien LANDBOU.COM enige skade of verlies daardeur sou ly, sal siviele skade geëis word.

**VRYWARING**

30. Hierdie webwerf en die inligting daarin vervat word verskaf "soos dit is" en LANDBOU.COM maak geen uitdruklike of geïmpliseerde voorstellings of waarborge tov hiervan nie. Sonder om die omvang van die voorgaande in te kort:

    30.1. LANDBOU.COM waarborg nie dat die webwerf of inligting foutloos sal wees of aan enige spesifieke kriteria vir verrigting of gehalte sal voldoen nie. LANDBOU.COM ontken uitdruklik alle geïmpliseerde waarborge, insluitend, sonder beperking, waarborge van verhandelbaarheid, titel, geskiktheid vir 'n spesifieke doel, nie-skending, aanpaspasbaarheid en akkuraatheid; en

    30.2. hoewel LANDBOU.COM redelike voorsorg getref het om die integriteit van hierdie webwerf en sy inhoud te verseker, word geen waarborg verskaf, hetsy uitdruklik of geïmpliseer, dat enige lêers, afladings of toepassings beskikbaar via hierdie webwerf vry is van virusse, trojane, bomme, tydgrense of enige ander data of kode wat die vermoë het om die werking van die gebruiker se stelsel te korrupteer, beskadig of aan te tas.

31. Die gebruiker vrywaar LANDBOU.COM teen enige skade, koste, risiko of aanspreeklikheid wat die gebruiker mag toekom as gevolg van die gebruik van die LANDBOU.COM webruimte.

**RISIKO & BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID**

32. Die gebruiker gebruik hierdie webwerf en die inligting daarin geheel en al op eie risiko en die gebruiker aanvaar volle verantwoordelikheid en risiko van verlies wat uit die gebruik daarvan voortspruit. Nóg LANDBOU.COM, sy affiliasies, of hulle aandeelhouers, agente, konsultante of werknemers sal aanspreeklik wees vir enige skade hoegenaamd, insluitend, sonder beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige, gevolglike of bestraffende skadevergoeding, hetsy in 'n aksie voortspruitend uit kontrak, wet, onregmatige daad of andersins, rakende die gebruik van, of onvermoë om hierdie webwerf of die inligting daarin vervat, te gebruik. Hierdie klousule is nie van toepassing op klousule 43(5) en (6) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies nie.

33. Hoewel alle redelike stappe gedoen is om die akkuraatheid en veiligheid van die LANDBOU.COM webwerf te verseker, word die produkte en dienste wat op hierdie webwerf geadverteer word op die gebruiker se eie risiko gebruik. Die gebruiker aanvaar volle verantwoordelikehid en risiko van enige besering, skade of verlies wat uit die gebruik daarvan voortspruit. LANDBOU.COM sal nie aanspreeklik wees vir enige persoonlike of fisiese skade of verlies, hoe ookal veroorsaak, hetsy direk of indirek, voortspruitend uit die gebruik van die LANDBOU.COM webwerf nie.

**SKEIBAARHEID**

34. Hierdie Bepalings en Voorwaardes vir Gebruik verteenwoordig die volledige ooreenkoms tussen LANDBOU.COM en jou, die gebruiker van die webwerf. Enige versuim deur LANDBOU.COM om enige reg of bepaling van hierdie Bepalings en Voorwaardes vir gebruik uit te voer of af te dwing, verteenwoordig geensins 'n kwytskelding van sodanige reg of bepaling nie.

35. In die geval waar enige bepaling of voorwaarde vir die gebruik van hierdie webwerf om welke rede ookal nie volkome afdwingbaar of geldig is nie, sal sodanige bepaling(s) of voorwaarde(s) skeibaar wees van die oorblywende bepalings en voorwaardes. Die oorblywende bepalings en voorwaardes sal nie deur sodanige onafdwingbaarheid of ongeldigheid beïnvloed word nie en sal afdwingbaar en toepaslik bly.

**GELDENDE REG**

36. Die reg van Suid-Afrika geld ten opsigte van hierdie terme en voorwaardes en die gebruik van die Landbou.com webruimte.

Hierdie dokument is opgestel deur Buys Ingelyf Prokureurs en mag nie sonder toestemming gebruik of gedupliseer word nie.
© 2006, Buys Ingelyf. www.buys.co.za